Geliefde Lourensrivierder

Met die dam vlakke wat wonderlik gestyg het die afgelope week het my gemoed ook sommer voller geword om te besef dat God ALTYD Sy Woord hou en die oerverbond wat Hy met Abraham gesluit het nog steeds staan!! ♫ *Génesis 22:15-18: Toe roep die Engel van die HERE vir die tweede keer na Abraham van die hemel af en sê: Ek sweer by Myself, spreek die HERE, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie, dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem.* ***<u>En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het.</u>***

Dit word op soveel plekke in sy Woord bevestig tot in die Nuwe Testament: Gal 3:4-9 "Was al julle swaarkry dan verniet? Dit kon tog nie verniet gewees het nie! Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo? So was dit ook met Abraham: "Hy het in God geglo, en God het hom vrygespreek." Julle sien dus dat dié wat glo, kinders van Abraham is. Die Skrif het vooruit geweet dat God ook mense wat nie Jode is nie, sou vryspreek as hulle glo. Daarom het die Skrif al voorheen die goeie nuus vir Abraham gebring: "In jou sal al die nasies geseën word." Dit is dus dié wat glo, wat saam met die gelowige Abraham geseën word… Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat
God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het".

Mag hierdie verbond vandag ook vir jou hoop gee en jou "binne-dam-vlakke" laat styg en vol maak met lewende waters wat vreugde en vrede bring en jou laat vasstaan al "reën" dit nie altyd katte-en-honde vir jou nie…..

NUUSKRUMMELS: 7 JUNIE 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

<u>ONS WOEKER BY DIE KERKKANTOOR</u>
Anna se yummie Milo koekies @ R25 per pakkie
Anna se Perske Blatjang @ R35 vir 630g
Anna se Perske & Appelkoos Blatjang @ R35 vir 630g
Bettiesbaai Rou heuning @ R50 per potjie (400ml)
Lappiesboontjies @ R45 p/kg
Boekie: Lig op 'n Chirurg se pad R50 (R25 vir kerk en R25 vir Evangelisasie)
<u>Droë Vrugte:</u>
Snippers (200 gr) @ R20 per pakkie (deurmekaar vrugte)
Kakamas Perskes (taaipit) ASOOK Cederberg Perskes (lospit) @ R60 p/kg
Pere @ R60 p/kg
Pruime @ R60 p/kg (nog net 7 pakke oor)

<u>ALLES is ten bate van die Voedselfeesfonds:</u> Daar is besluit om dwarsdeur die jaar te woeker vir ons Voedselfeesfonds en daarom is gemeentelede ook welkom om nou al te begin bydra. Ons hoef nie te wag tot twee weke of 'n maand voor die Voedselfees plaasvind nie.

<u>VIR FINANSIëLE BYDRAES:</u>
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier; ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312); Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & voedselfees)
Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

Almal word uitgenooi na hierdie heerlike lofprysingsaand. Ons eie Agape orkes is deel van die Blue Orange Band ♫♫♫

Hulle gaan ook Sondag, 10 Junie @ by Lifeline Youth bedien. Kom loof die Here saam met die Jeug!

NUUS UIT ONS GEMEENSKAP:

STRAND BUURTWAG NUUS:
Mei Nuusbrief is nou beskikbaar met veiligheidswenke en inligting oor ons gemeenskap wat elkeen raak.
Onderaan is ‘n skrywe van Advokaat Jean TH Berdou i.v.m. met dokumentêr op Carte Blanche oor selfverdediging in huis.

Indien jy graag die nuusbrief wil ontvang, kontak asb. vir Carl Gersbach, 0836352114 of chgeng@telkomsa.net.

Besoek ook hul FB Blad met al die nodige inligting wat daagliks daarop geplaas word: https://www.facebook.com/strandnw/

STRAND BUURTWAG is die “oë en ore van die Buurt”. ’n Uitnodiging aan alle Strand inwoners om asb. in te skakel by die Strand Buurtwag!! Raak betrokke en maak ’n verskil!

ACVV: WINTERHOOP 1 – 20 JUNIE 2018
Dit is weer die ACVV se landwye Winterhoop Veldtog. Ons doen ‘n beroep op die publiek om ons van nie-bederfbare kos, warm klere, komberse, toiletware en kospakkies te voorsien vir die behoeftige mense in ons gemeenskap. Baie dankie byvoorbaat. Kontak: Jackie Dippenaar, (021) 854-7215 by ACVV Strand kontak.

Vriendelike groete, Jacqueline Dippenaar (Boekhouer, ACVV Strand, Epos: strandadmin@acvv.org.za

KNIEWERK

- Ons loof die Here en dank Hom vir die reën en dam vlakke wat gestyg het. Ons bid dat die gemeenskap steeds water sal bespaar.
- Bid ons land se leiers
- Sannie le Roux vir gesondheid
- Louis Steyn vir spoedige en volkome herstel na skouer operasie op 6 Junie
- Wilhelm Botha vir spoedige en volkome herstel na hospitalisasie

Weekly levels

See the reading for the week, 4 June 2018.

Major dams	4/6/2018	Previous week	% 2017
Berg River	51.8	43.3	30.4
Steenbras Lower	39.5	33.7	25.5
Steenbras Upper	69.2	60.0	52.3
Theewaterskloof	20.0	14.9	13.4
Voëlvlei	21.8	16.9	16.1
Wemmershoek	56.8	50.6	34.9
Total Stored Ml	267 501	215 283	175 800
% Storage	29.8	24.0	19.6

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SO. 10 JUNIE SE BOODSKAP:
1 SAM. 8:1-20 & 11:14-15
(3DE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Samuel moes God se woord aan Eli oordra dat God nie tevrede is met hoe hy sy kinders hanteer het nie. Nou sit Samuel met 'n soortgelyke probleem, nl. dat sy seuns nie reg optree nie. Die gevolg hiervan is nou dat die volk nie kans sien om hierdie tipe leiers te aanvaar nie – hulle stel nou hulle eie voorkeur, naamlik 'n koning. Hulle voel dat die manier waarop die rigters geregeer het, nie meer vir hulle reg is nie, hulle wil nie God se heerskappy langer hê nie. Hulle soek 'n koning wie hulle kan sien.
Die volk wou soos die ander heidense volke rondom hulle wees – dit blyk dat hulle reeds in 'n mate soos daardie volke was, hulle het God nie meer gedien nie, maar die ander gode gedien.
In die wet van God is dit duidelik gestel dat hulle 'n uitverkore volk is – 'n volk wat afgesonder en anders as die ander volke moet wees. (Lev. 20:26; Num. 23:9). Tog, die volk wou soos die ander (heidense) volke wees. Wat hier aan die gang is, is dat die volk teen God opgetree het – die God wat hulle uit Egipte gelei het. Soos in die verlede, het die volk nou weer teen God opgetree / Hom verlaat.

Die vraag wat ons onsself moet afvra, is wie ons kies om ons te lei. Besluit ek self op grond van my eie wil om soos ander mense te wees en saam met die stroom te gaan? Dit is dikwels 'n maklike en "lekker' uitweg om uit 'n krisis situasie te kom. Wanneer dit my manier van doen is, dan is ek "in" by ander, maar dikwels "uit" by God.
Of is ek bereid om om voor God stil te word en sy leiding in my lewe te soek. Is ons tevrede met God se leiding, al vra dit ook al wat van ons? Is ons bereid om onsself te gee en te doen wat God van ons vra? Die vraag wat ons moet beantwoord is of ons die wêreld of vir God kies as ons leier, as die een vir wie ons wil volg.
Laat Hebr. 13:5 ons antwoord op hierdie probleem wees: "Wees tevrede met wat julle het en moenie heeltyd agter geld aanhardloop asof dit die belangrikste ding in jul lewe is nie. God het mos gesê: "Ek sal jou nooit alleen los en jou nooit in die steek laat nie." Daarom kan ons in vertroue sê: "Die Here is die Een wat my help. Ek hoef vir niks bang te wees nie. Buitendien, wat kan 'n mens aan my doen." (DB)
-Willem Botes-

L 520:2

Wil U ons in u liefde lei
en leer ons daarna strewe
om dankbaar te kan lewe.
Ons wil aan U verbonde bly -
in Christus saamgebind:
van harte eensgesind.

Heinz Winckler sing Ek En My Huis
KLIK OP SKAKEL: https://www.youtube.com/watch?v=WnT9u94Bfvo

Heinz sê: "If you want to change the world, go home and love your family." These words by Mother Theresa ring true to me and my family and connects with the scripture Josh. 24:14, "as for me and my house, we will serve the Lord."

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier

SOMETHING TO THINK ABOUT

SETTING THE RECORD STRAIGHT ON SELF DEFENCE RIGHTS

The recent Carte Blanche programme on home invasions and the rights of individuals to self-defence has caused considerable social and other media stirs. More so the opinion of a commentator thereon, who ostensibly seemed to state that anyone acting to defend themselves in their homes may be jailed for criminal offences. It is thus right to straighten the record:

1. No one can use deadly force to protect property. If someone steals your TV and is running off you cannot shoot them. You can arrest or attempt to arrest them and call the police if you can but advice is not to place yourself in harm's way for an item that can be replaced by insurance.

2. You cannot use deadly force against a trespasser. If someone is on your property or enters your house and flees when you confront them, again you can arrest them or attempt to arrest them and call the police but again advice is not to place yourself in harm's way when someone is fleeing your property/premises.

3. If you are confronted by someone on your property or premises and that person advances on you, makes threatening moves or appears to do so, the moment a reasonable person would believe they are or are about to become under threat of harm you may use force to protect yourself, your family or any third party who may be the subject of the threatened harm. If you have no alternative but to use deadly force you may do so but must be able to justify its use. So if a small child was approaching you and you were capable of subduing the attack without deadly force then do so. When the attacker has any weapon then it is extremely unlikely the Court will find force or deadly force unjustified.

4. In all instances if you injure or kill another in self-defence, you shall be charged by the SAPS. That does not mean you will be found guilty. It means there will be an investigation. If your use of force is found to be reasonable you have nothing to fear. It is due process.

5. Like Police officers who injure or kill perpetrators in the line of duty, ones actions must be able to withstand an investigation and show the facts are in your favour. This is what separates perpetrators and citizens and police in a constitutional democracy....the latter two are accountable for their actions or we will degenerate into a cycle of self-retribution and destruction.

- Advocate Jean TH Berdou